Publication: BeeldMetroNoord (Main)
Publication Date: 05 Dec 2018
Page: 6

AVE: 43921.01
Circulation: 45000
Part: 1 of 1

Sport

2020-Spele is Tuks-roeier se mikpunt

Ursula Grobler het besluit om tot die roei-arena terug te keer in 'n poging om vir die Suid-Afrikaanse span vir die 2020- Olimpiese Spele te kwalifiseer.

Wilhelm de Swardt

Soos 'n mot dit skynbaar nie kan weerstaan om om 'n brandende kers te fladder nie, kan Ursula Grobler nie wegbly van die uitdagings van roei nie.

Die 38-jarige Tuks-roeier het ná die 2016-Olimpiese Spele in Rio besluit om uit te tree, maar nou het sy besluit om nog een maal alles op te offer in die hoop dat sy weer die kans sal kry om Suid-Afrika by 'n Spele te verteenwoordig.

"Onvoltooide sake" is een van die groot dryfvere vir haar besluit.

Sy en Kirsten McCann het gedurende die 2016-Spele vyfde in die eindronde van die liggewigstuurlose pare-wedvaart geëindig. Baie sou tevrede met dié uitslag gewees het, maar nie hulle nie.

Die twee het nie vier jaar van hul lewens opgeoffer vir middelmatigheid nie.

Grobler glo steeds dat as die weer nie soveel chaos veroorsaak het nie, kon hulle 'n medalje gewen het. Ongelukkig is die eindronde weens erge winderige toestande uitgestel.

"Ek en Kirsten was nog altyd baie metodies in ons benadering. As daar vir ons gesê word ons roei negeuur die oggend dan het ons ons koppe reggekry om daardie tyd op ons beste te wees. Toe die wedvaart met 'n dag uitgestel word, het dit ons onkant gevang en die senuwees het begin lol."

Grobler besef maar alte goed dat dit geen uitgemaakte saak is dat sy weer die kans gaan kry om aan die Spele deel te neem nie. Sedert haar uittrede het McCann en Nicole van Wyk begin saamroei en hulle vaar nie te sleg nie.

Vroeër vanjaar, gedurende die Wêreldbeker-byeenkoms in Belgrado, het hulle 'n silwermedalje verower. Dit was die eerste keer dat hulle saam aan 'n Wêreldbekertoernooi deelgeneem het.

Die uitslag maak Roger Barrow, die nasionale roei-afrigter, erg opgewonde.

Barrow is bly dat Grobler weer begin roei het, want op die oomblik is daar maar min diepte in vroue-roei. Hy het dit egter duidelik gemaak dat sy geen gunste moet verwag vanweë wat in die verlede gebeur het nie.

In 2015 het Grobler en McCann 'n bronsmedalje op die wêreldbyeenkoms gewen. Dit was 'n eerste vir Suid-Afrikaanse vroueroei. Maar soos gesê, dit tel nie veel nie. Die uitdaging aan Grobler is baie duidelik. As sy aan die 2020-Spele in Tokio wil deelneem, moet sy van vooraf bewys sy is goed genoeg.

Grobler verkies dit só.

"Ek het nog nooit van enige uitdaging weggeskram nie. Om al die kunsies van roei te bemeester verg absolute toewyding. Nie net moet jy fisiek fiks en sterk wees nie. Die sport verg boonop 'n 'sterk kop'."

Sy bieg dat haar senuwees effens gelol het toe sy die eerste dag weer saam met die nasionale oefengroep begin oefen het.

"Dit was amper of ek vir die eerste keer skool toe gaan. Ek het geweet wat op my wag, maar tog ook nie."

This article is copyright protected and licensed under agreement with DALRO. Redistribution, modification, re-sale of this is not allowed without prior written consent of the original author of the works.